Assosiasie vir Bybelse Berading en Opleiding
Posbus 2151 Randburg 2125
Epos: abbo@global.co.za
webblad: www.abbo.org.za
Tel: 011 886 7414

Augustus 2010

Die waarheid maak ons vry
As mens die waarheid glo en uitleef, gaan dit met jou goed (Josua 1:7-8; Psalm 1). Maar as jy die waarheid aanpas deur iets by te voeg of weg te laat (Deut 4:2), trek jou lewe skeef. Berading is God se instrument waardeur Hy 'n skewe hart en lewe regtrek (2 Tim 3:16-17) om die Waarheid, Jesus Christus, te vertoon (Kol 3:10). In die **Augustus-uitgawe** van die nuusbrief word meer vertel van ABBO se opleiding in Bybelse berading en geleenthede vir berading.

Bydraes vir die ABBO-Nuus kan gestuur word aan Johan Eloff: johan@etza.co.za.

OPLEIDING

KURSUS 1: BYBELSE BERADING

Die kontaksessie op 29 Mei is baie goed bygewoon. Die studente se entoesiasme en toewyding is aansteeklik. Die leermateriaal word ook persoonlik toegepas en so vind optimale groei by studente plaas. Die Engelse studente vorm 'n relatief klein groep en dit maak die toerusting meer intensief omdat elke student optimaal kan deelneem.

Kursus 1 Engelse Studente

Kursus 1 Afrikaanse Studente

KURSUS 2: PRAKTYK VAN BYBELSE BERADING

Die 16 studente wat in 2010 vir Kursus 2 ingeskryf het rapporteer dat hulle deur die kursus baie gegroei het in hulle lewens, verhoudinge en beradings-vaardighede. Die afgelope 13 werkdae het op 1-1 berading gefokus, reflektering, skryf van rapporte en bespreking van voorgeskrewe boeke. Gedurende die afgelope vier werkdae is Vorster Combrink as studieleier bygestaan deur twee fasiliteerders: Herman Coetser en Kobus Roux. Tydens die oorblywende drie werkdae sal die studente opleiding ontvang in telefoon- en e-posberading.

Kursus 2-Studente

Kursus 3: Studente & Fasiliteerders

Beradingsessie Kursus 2

Kursus 3: Beradingsessie

Vorster Combrink, Herman Coetser, Kobus Roux
Fasiliteerders Kursus 2

KURSUS 3: GEVORDERDE KURSUS IN DIE PRAKTYK VAN BYBELSE BERADING

Dit gaan baie goed met hierdie opwindende leerervaring in die praktyk van berading. Die studente getuig van intensiewe groei as mense en beraders. Die bespreking van verskeie voorgeskrewe boeke dra by tot die sukses van die opleiding. Johan Eloff is studieleier en hy word bygestaan deur Marietjie Bezuidenhoud en Annelie Olivier.

OUDSTUDENTE

Gebedstoerusting
Op 14 en 15 Mei het Bradley Stuart van die VSA ABBO-oudstudente en oorbruggingsberaders toegerus oor die rol van gebed in berading. Dis aangebied saam met Family Lifechange Centre.

Dr. Anthony van Tonder, Dr. Bradley Stuart, Mev. Michelle van Tonder

Lenteskool
Die Lenteskool vind vanjaar plaas op Saterdag **4 September** by Radiokansel sodat die opeleiding vir meer persone bekostigbaar en toeganklik is. Dr Annalie Swanepoel sal toerusting gee oor: **Bybelse berading aan persone in ko-afhanklike verhoudings**. Die byeenkoms strek van 08:00 – 15:00. Sudente, oudstudente en besoekers is baie welkom. Die koste is R150 pp en sluit ‘n handleiding, ligte middagete en verversings in.

Opleiding in Luistervaardighede
Die laaste opleidingsgeleentheid vir die jaar vind plaas op **30 Oktober 08:00** by Radiokansel oor die onderwerp **Bybelse berading en luister**. Die aanbieder is Derheta du Raan. Besoekers is welkom.

GELEENTHEDE VIR BERADING

ASSOSIAATBERADING

ABBO nooi oudstudente om hulle beradings-bediening in assosiasie met ABBO te bedryf. Met die assosiasie skep ABBO geleentheid vir die berader vir 'n geloofwaardige Bybelse beradingsbediening. Verskeie oudstudente is reeds as assosiate geregistreer. Skakel vir Marietjie by die kantoor vir meer inligting.

OORBRUGGINGSBERADING BY RADIOKANSEL

By Radiokansel is daar tans 32 Bybelse beraders wat 24/7 oorbruggingsberading doen onder die bestuur van ABBO. Daagliks word verskeie telefoonoproepe, briewe, eposse, en SMS'e beantwoord deur 'n begaafde en toegewyde span.

Onlangs het ons tot siens gesê aan 'n paar beraders, waarvan sommige baie jare diens gelewer het: Nicolean Steyn (koördineerder), Matthew Dikwidi, Ria de Nyschen en Monsley Mathlaba. Ons verwelkom Sabina Vilakazi as administratiewe beampte asook pastoor Sylvester Makhuvele as berader.

Totsiens: Nicolean Steyn Welkom: Sabina Vilakazi

Anjo Fourie doen sms-berading met jongmense. Haar beradingsnommer is **071 679 4302** en sy doen diens op **Maandag- en Dinsdagaande van 19:30 tot 21:30**.

Persone wat skakel het dikwels behoefte aan **voorbidding**. Oudstudente wat wil deelneem aan hierdie bediening kan Sabina skakel by 012 334 1320.

Onlangs het die formele jaarlikse **assessering van beraders** plaasgevind. Ons is dankbaar omdat die beraders begaafde en toegewyde instrumente in God se hande is. Die volgende het tydens die assessering na vore gekom: die bou van gesonde verhoudinge met beradenes deur middel van liefde, omgee, en 'n goeie balans tussen afstand en nabyheid; wysheid en onderskeiding; insig in probleme; luistervaardighede; bemoediging met liefde uit die Woord deur die Heilige Gees; vrymoedige leiding; onderlinge bemoediging deur beraders en ontlonting na sekere oproepe. Die beraders beleef hulle bediening by Radiokansel as 'n geleentheid om God te dien en Hom by mense te verteenwoordig; om van medeberaders en leer; om eie lewenservaring te deel; om hulle passie en gawes uit te leef; om die vriendskap van medeberaders te geniet; om 'n verskeidenheid mense te bedien, bv. persone in leierskapsposisies; om insig te kry in moderne samelewingsproblematiek; en om beradenes na ander hulpverleners te verwys.

Ons beraders het 'n leer-kultuur en groei steeds in hulle verhouding met God en hulle beradingskennis en vaardighede. Hulle maak gretig gebruik van ons beradings-biblioteek. Die beraders is geakkrediteer by die Suid-Afrikaanse Assosiasie vir Pastorale Werk (SAAP).

WERKSWINKEL OOR AFTREDE

Op 22 en 23 Julie 2010 het ABBO op versoek van Radiokansel 'n werkswinkel vir RK-personeel aangebied oor formele beroepsaftrede. Die eerste onderwerp was die hantering van die oorgang vanuit jou identiteit as gelowige; die tweede was die vasstelling van jou unieke ontwerp en roeping; die derde was finansiële rentmeesterskap.

Enkele Deelnemers

Aanbieders: Vorster Combink, Magda Prinsloo, Johan Eloff

HULDEBLYK LENIE ERASMUS

Lenie Erasmus het in Glenlharvie in Westonaria gewoon en is onlangs na ’n lang siekbed aan kanker oorlede. Sy het in 2004 Kursus 1, en in 2005 Kursus 2 voltooi. Sy was aktief betrokke by ABBO werksaamhede en het graag, wanneer dit moontlik was, die opleidings-byeenkomste en lentekampe bygewoon. Haar bediening het ingesluit:

- berading volgens ABBO-model
- oorbruggingsberading by Radiokansel
- assessering van Kursus 1-studente van 2007 tot 2009
- aanbiedinge en getuienisse.

Lenie was 'n liewe en gewaardeerde vriendin en ons sal haar baie mis. Gelukkig weet ons as gelowiges vas en seker: In Christus is die dood oorwin! Ons bid haar man, Cobus, en haar kinders en kleinkinders God se vertroosting toe.

Lenie Ersamus was in 2009 die geleentheidspreker by ABBO se sertifikaatplegtigheid